



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIOR SERTIFIKAAT/  
NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**VERBRUIKERSTUDIES**

**NOVEMBER 2020**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

**VRAAG 1: KORTVRAE**

1.1	1.1.1	C✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.127, Suksesvol, p.145)</i>	(1)
	1.1.2	D✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.174, Suksesvol, p.194)</i>	(1)
	1.1.3	B✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.174, Suksesvol, p.192)</i>	(1)
	1.1.4	C✓	<i>Onthou, matig (Verken, p.163, Suksesvol, p.181)</i>	(1)
	1.1.5	B✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.161-162, Suksesvol, p.177-178)</i>	(1)
	1.1.6	D✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.80-81, Suksesvol, p.93-94)</i>	(1)
	1.1.7	B✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.76-77, Suksesvol, p.90-91)</i>	(1)
	1.1.8	D✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.72-73, Suksesvol, p.80-81)</i>	(1)
	1.1.9	C✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.97-98, Suksesvol, p.114)</i>	(1)
	1.1.10	C✓	<i>Onthou, matig (Verken, p.105; Suksesvol, p.128)</i>	(1)
	1.1.11	D✓	<i>Onthou, matig (Verken, p.77, Suksesvol, p.96)</i>	(1)
	1.1.12	B✓	<i>Verstaan, maklik (Grade 11)</i>	(1)
	1.1.13	A✓	<i>Verstaan, matig (Verken, p. 49, Suksesvol, p.51)</i>	(1)
	1.1.14	A✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.64; Suksesvol, p.72)</i>	(1)
	1.1.15	B✓	<i>Onthou, matig (Verken, p.122, Suksesvol, p.140-141)</i>	(1)
	1.1.16	B✓	<i>Verstaan, matig (Verken, p.128, Suksesvol, p.145-146)</i>	(1)
	1.1.17	C✓	<i>Verstaan, matig (Verken, p.131, Suksesvol, p.148)</i>	(1)
	1.1.18	A✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.8; Suksesvol, p.15)</i>	(1)
	1.1.19	C✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.25, Suksesvol, p.17)</i>	(1)
	1.1.20	B✓	<i>Verstaan, matig (Verken, p.26; Suksesvol, p.26)</i>	(1)

1.2	1.2.1	E✓		
	1.2.2	C✓		
	1.2.3	A✓		(3)
	<i>Analisering, moeilik (Verken, p.50; Suksesvol, p.50)</i>			
1.3	1.3.1	B✓ C✓ G✓		
	1.3.2	A✓ E✓ F✓	(Enige volgorde)	(6)
	<i>Verstaan, matig (Verken, p.36-37; Suksesvol, p.35-36)</i>			
1.4	A✓			
	C✓			
	E✓			
	G✓			
	I✓			
	J✓		(Enige volgorde)	(6)
	<i>Onthou, maklik (Verken, p126-128; Suksesvol, p.144, 147)</i>			
	<i>LET WEL: K is nie korrek in die Afrikaanse Nasienriglyne nie. I en J word as korrek aanvaar slegs in die Afrikaanse Nasienriglyne</i>			
1.5	1.5.1	Hepatitis A✓	(Verken, p.89; Suksesvol, p.103)	
	1.5.2	TB/ Tuberkulose✓	(Verken, p.89; Suksesvol, p.104-105)	
	1.5.3	Disenterie✓	(Verken, p.90; Suksesvol, p.107-108)	
	1.5.4	Gastro-enteritis✓	(Verken, p.91; Suksesvol, p.108-109)	
	1.5.5	E. coli✓	(Verken, p.90; Suksesvol, p.106)	(5)
	<i>Verstaan, matig</i>			
				<b>[40]</b>

**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER****2.1 Noem die instansie wat verantwoordelik is vir 'n styging of 'n daling in die rentekoerse in Suid-Afrika.**

(Suid-Afrikaanse) Reserwebank✓

*Onthou, maklik (Verken, p.166; Suksesvol, p.184)*

(1)

**2.2 Identifiseer die tipes belasting betaalbaar op elk van die volgende:****2.2.1 Alkohol en sigarette**

Aksynsbelasting/ sondebelasting✓

**2.2.2 Petrol en diesel**

Brandstofbelasting/ heffing✓

*Onthou, maklik (Verken, p.165; Suksesvol, p.182)*

(2)

**2.3 Noem TWEE maniere waarop elektrisiteit bespaar kan word wanneer klere drooggemaak word.**

- Hang die klere (buite) op die wasgoedlyn/ wasgoedrak om droog te word.✓<sup>1</sup>
- Gebruik die korrekte temperatuur om die hoeveelheid elektrisiteit wat gebruik word te minimaliseer as 'n tuimeldroër gebruik word.✓<sup>2</sup>
- Moenie 'n tuimeldroër gebruik/ gebruik dit so min as moontlik om die klere droog te maak nie.✓<sup>3</sup>
- Gebruik 'n gas tuimeldroër/ "dry buddy" in plaas van 'n elektriese een.✓<sup>4</sup>
- Maak die filter gereeld skoon/ gebruik tuimeldroër-balletjies/ filterpapier✓<sup>5</sup> sodat die tuimeldroër meer effektief werk.
- Moenie die tuimeldroër oorlaai nie omdat dit meer elektrisiteit gebruik.✓<sup>6</sup>

(Enige 2)

(2)

*Onthou, maklik (Verken, p.174; Suksesvol, p.194)***2.4 2.4.1 Identifiseer die tipe invoer waarna verwys word in die bostaande inligting.**

Parallele invoere/ grysgoedere/ skuil invoere.✓

*Verstaan, matig (Verken, p.158; Suksesvol, p.176)*

(1)

**2.4.2 Bespreek die tipe invoer in vraag 2.4.1**

- Grysgoedere/ parallelle invoere is items/ huishoudelike toestelle wat die vervaardiger nie in 'n spesifieke land/ Suid Afrika verkoop wil hê nie,<sup>✓1</sup> wat in die land/ Suid Afrika opeindig deur nie-amptelike/ ongemagtigde verspreidingskanale.<sup>✓2</sup>
- Grysgoedere/ parallelle invoere is nie onwettig nie/ nodige belasting is betaal.<sup>✓3</sup>
- Die amptelike maatskappy/ verskaffer oorsee sal nie die waarborg nakom<sup>✓4</sup> indien die televisie breek nie<sup>✓5</sup> omdat dit deur nie-amptelike/ ongemagtigde verspreidingskanale ingevoer was.<sup>✓6</sup> (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, p.158; Suksesvol, p.176)*

**2.5 Skryf 'n paragraaf om die negatiewe effek van stygende inflasie op Suid-Afrikaanse huishoudings te bespreek.**

Die prys van goedere en dienste styg<sup>✓1</sup> en gesinne het minder besteebare inkomste/ sukkel om hul basiese behoefte te vervul/ uitgawes te dek.<sup>✓2</sup> Die styging in brandstof/ elektriese pryse<sup>✓3</sup> veroorsaak dat pryse van goedere en dienste styg.<sup>✓4</sup> Daar is 'n styging in produksiekoste van goedere en dienste<sup>✓5</sup> dus is daar toename in werkverliese.<sup>✓6</sup> Mense word werkloos<sup>✓7</sup> aangesien die meeste maatskappye nie die verhoging in salarisse kan bekostig nie.<sup>✓8</sup> Die skuldmas van gesinne mag toeneem.<sup>✓9</sup> Dit sal veroorsaak dat die lewenskwaliteit/ lewenstyl afneem/ verander/ nie kan verbeter nie/ armoede<sup>✓10</sup> daarom is mense nie in staat/ sukkel hulle om hul huishoudings te onderhou. Mense met 'n vaste/ beleggingsinkomste/ pensioenarisse sukkel die meeste<sup>✓11</sup> omdat hulle inkomste nie tred hou met inflasie. (Enige 6) (6)

*Verstaan, matig (Verken, p.167; Suksesvol, p.184 -185)*

*LET WEL: Trek 1 punt af indien nie in paragraaf formaat nie.*

**2.6 2.6.1 Noem die TWEE bostaande skemas.****2.6.2 Onderskei tussen die TWEE skemas.**

Tabuleer die antwoord soos volg:

	<b>SKEMA A</b>	<b>SKEMA B</b>
2.6.1	Stapelvlakbemarkingskema/ Multi-vlak bemarkingskema/ Wettige piramiedeskema✓ <sup>1</sup> (1)	(Onwettige) piramiedeskema✓ <sup>2</sup> (1)
2.6.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hulle is wettig✓<sup>3</sup></li> <li>• Meer as een persoon kan aan die hoof wees/ inleiers wees✓<sup>5</sup></li> <li>• Individue verkoop die produkte✓<sup>7</sup></li> <li>• Nuweling ontvang vergoeding/ betaling vir die aantal verkope✓<sup>9</sup></li> <li>• Die moeite werd om betrokke te raak in hierdie tipe skema. ✓<sup>11</sup> (Enige 2)</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hulle is onwettig✓<sup>4</sup></li> <li>• Daar is een persoon aan die hoof/ inleier✓<sup>6</sup></li> <li>• Geen produkte word verkoop/ slegs geld word belê✓<sup>8</sup></li> <li>• Nuweling ontvang vergoeding/ betaling vir die aantal mense wat deur hulle gewerf was✓<sup>10</sup></li> <li>• Nie die moeite werd om betrokke te raak in hierdie skema na.✓<sup>12</sup> (Enige 2)</li> </ul>

(6)

*Verstaan, matig**Analiserig, moeilik (Verken, p.162 Suksesvol, p.178-179)***LET WEL:** *Trek EEN punt af indien nie in 'n tabel nie**Geen punte word toegeken indien stellings direk uit die teks kom***[20]**

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

**3.1 Noem die sagte, wit, wasagtige, vetterige stof wat natuurlik in die bloed voorkom.**

Cholesterol✓

*Onthou, maklik (Verken, p.74; Suksesvol, p.84)*

(1)

**3.2 3.2.1 Identifiseer die voedselverwante gezondheidstoestand wat hierbo geïllustreer word.**

Osteoporose✓

*Verstaan, maklik (Verken, p.75; Suksesvol, p.89)*

(1)

**3.2.2 Definieer die voedselverwante gezondheidstoestand wat hierbo geïllustreer word.**

Osteoporose beteken poreuse bene✓<sup>1</sup> die bene is dunner en minder dig/ bros/ swak✓<sup>2</sup> en breek maklik.✓<sup>3</sup> (Enige 2)

**OF**

Kom voor wanneer kalsium en minerale vinniger verlore gaan/ uit die been onttrek word✓<sup>4</sup> as wat hulle aangevul word.✓<sup>5</sup> (Enige 2)

*Onthou, maklik (Verken, p.75; Suksesvol, p.89)*

(2)

**3.2.3 Noem VIER faktore wat kan bydra tot die bostaande voedselverwante gezondheidstoestand.**

- Lae estrogeenvlakke in vroue✓<sup>1</sup> veral na menopouse.
- Gebrek aan kalsium/ fosfor/ vitamien D✓<sup>2</sup> in die dieet.
- Liggaamsvorm/ kort, klein geboude mense met 'n lae liggaamsmassa het minder been om te verloor as groot geboude mense.✓<sup>3</sup>
- 'n Familiëgeskiedenis✓<sup>4</sup> van osteoporose.
- Rook.✓<sup>5</sup>
- Langtermyngebruik van sekere medikasie (kortisoen).✓<sup>6</sup>
- Oormatige alkohol/ tee/ koffie/ proteïen inname.✓<sup>7</sup>
- Gebrek aan oefening✓<sup>8</sup> regdeur die lewenssiklus.
- Siektes van die hormoon-produserende kliere, soos 'n ooraktiewe skildklier.✓<sup>9</sup>
- Anorexia (nervosa)✓<sup>10</sup>
- Sommige mense is meer vatbaar vir osteoporose soos hulle ouer word.✓<sup>11</sup> (Enige 4)

*Onthou, matig (Verken, p.75; Suksesvol, p.89)*

(4)

### 3.3 Vergelyk die eetversteurings anorexia nervosa en bulimia nervosa met verwysing na elk van die volgende aspekte:

	ASPEKTE	ANOREXIA NERVOSA	BULIMIA NERVOSA
3.3.1	Eet-gewoontes	<ul style="list-style-type: none"> <li>Beperkte voedselinname/ eet baie min/ verhonger hulself uitermatig<sup>✓1</sup> tot op die punt van gevaarlike en oormatige gewigsverlies.<sup>✓2</sup></li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Neem groot hoeveelhede voedsel in 'n kort tydperk<sup>✓3</sup> en raak ontslae van die voedsel deur (geïnduseerde) braking/ lakseermiddels/ medikasie.<sup>✓4</sup></li> <li><b>OF</b></li> <li>Herhaaldelike episodes van eetvergryping/ "binge"<sup>✓5</sup> gevolg deur onvanpaste kompenserende metodes om gewigstoename te voorkom.<sup>✓6</sup></li> <li>Om te vas mag deel vorm van die eetgewoontes.<sup>✓7</sup></li> </ul>
3.3.2	Kilojoule inname	<ul style="list-style-type: none"> <li>Neem baie min kilojoules in/ beperkte/ baie beperkte kilojoule inname/ neem minder in as wat die liggaam benodig.<sup>✓8</sup></li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Oormatige kilojoule inname/ meer as wat die liggaam benodig/ vereis.<sup>✓9</sup></li> <li>Meeste van die voedsel sal die liggaam verlaat, voordat dit verteer is, dus sal al die kilojoules nie geabsorbeer word nie.<sup>✓10</sup></li> </ul>

Verstaan, matig (Verken, p.83; Suksesvol, p.94-95)

**LET WEL:** Trek EEN punt af indien nie in 'n tabel nie

### 3.4 Verduidelik die voedingsvoordele van die maaltyd vir 'n persoon met MIV/VIGS.

- Hoender is ryk aan proteïene/ sink/ yster/ B<sub>6</sub> wat die immuunstelsel versterk.<sup>✓1</sup> Proteïene bou spierweefsel.<sup>✓2</sup>
- Tamaties is ryk aan vitamien C wat help met die herstel van infeksies<sup>✓2</sup> aangesien 'n persoon wat aan MIV/VIGS ly vatbaar is vir infeksie.<sup>✓3</sup>
- Wortels is ryk aan vitamien A wat die voering van die longe/ ingewande gesond hou,<sup>✓4</sup> om dit moeilik te maak vir kieme om in die liggaam te kom en infeksies te veroorsaak.<sup>✓5</sup>
- Selenium in die hoender/ Vitamien A/ C dien as 'n anti-oksidadant wat die selle van beskadiging beskerm<sup>✓6</sup> en help om infeksies te voorkom/ vertraag die verloop van die siekte deur die immuunstelsel gesond te hou.<sup>✓7</sup>
- Genoeg energie word deur die bruinbrood voorsien aangesien dit ryk is aan stysel.<sup>✓8</sup>

Verstaan, matig (Verken, p. 84 - 85; Suksesvol, p.100)

**LET WEL:** Slegs EEN kan per bestanddeel/nutriënt met die funksie toegeken word om die volle 5 punte te kry.



### 3.5 **Bespreek hoe geneties gemanipuleerde voedsel kan help met voedselsekuriteit.**

- Gewasse is bestand teen siektes/ droogtes/ peste<sup>✓1</sup> wat dit moontlik maak vir gewasse in gebiede met lae landbouaktiwiteit/ droë areas te kweek.<sup>✓2</sup>
- Die opbrengs van gewasse is groter<sup>✓3</sup> en meer mense kan gevoed word.<sup>✓4</sup>
- Produksiekoste is laer<sup>✓5</sup> dus kan meer voedsel teen 'n goedkoper prys geproduseer word/ vir dieselfde bedrag.<sup>✓6</sup> Mense kan voedsel teen laer pryse koop.<sup>✓7</sup>
- Voedsel wat geneties gemanipuleer is, het 'n lang raklewe/ dus sal voedsel langer hou/ sal nie te vinnig bederf.<sup>✓8</sup> Die eetkwaliteit/ voedselveiligheid sal in stand gehou word<sup>✓9</sup> mense sal oor 'n langer tydperk voedsel hê.<sup>✓10</sup>
- Die nutriëntwaarde van geneties gemanipuleerde voedsel kan verbeter word<sup>✓11</sup> om voedsel meer voedsaam te maak.<sup>✓12</sup> Dus sal minder mense ly aan wanvoeding/ siektes.<sup>✓13</sup> (Enige 4 x 2) (8)

*Verstaan, moeilik (Verken, p.103; Suksesvol, p.123)*

### 3.6 **3.6.1 Verduidelik waarom die woord *allergene* op die etiket voorkom.**

Om verbruikers te waarsku/in te lig<sup>✓1</sup>/ 'n verbruiker wat allergies is vir vis<sup>✓2</sup> dat die produk vis bevat/ moenie ingeneem word nie/ vermy die produk<sup>✓3</sup> aangesien dit 'n allergiese reaksie kan veroorsaak.<sup>✓4</sup> Dit is 'n wettige vereiste/ wetgewing.<sup>✓5</sup> (Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.23, 97,196; Suksesvol, p.92)*

### 3.6.2 **Verduidelik die betekenis van die term *volhoubaarheid* ('sustainable') soos dit op die etiket voorkom.**

Die volhoubare visvang/ bedreigde spesies logo beteken om genoeg vis in die oseaan te laat<sup>✓1</sup> die habitat te respekteer<sup>✓2</sup> en te verseker dat mense wat afhanklik is, hulle bestaan in stand kan hou.<sup>✓3</sup>

**OF**

Hulpbronne/ vis nie uitgeput word nie<sup>✓4</sup> of permanent beskadig word wanneer die produk/ tuna vervaardig/ verkry word.<sup>✓5</sup>

**OF**

Om vis op so 'n manier te gebruik dat die natuurlike omgewing beskerm bly/ nie beskadig word<sup>✓6</sup> vir toekomstige generasies nie.<sup>✓7</sup> (2)

*Toepassing, matig (Verken, p.61; Suksesvol, p.26)*

**3.6.3 Die tuna is geskik vir 'n persoon wat ly aan hoë bloedcholesterol.  
Evalueer die geldigheid van hierdie stelling.**

- Totale vet is laag, ✓<sup>1</sup> tuna is in water ingemaak met geen bygevoegde vet ✓<sup>2</sup> wat help om die energie/ kilojoulevlakke laag te hou/ die risiko van hoë bloedcholesterol te verminder. ✓<sup>3</sup>
- Dit bevat mono-onversadigde/ poli-onversadigde/ onversadigde vet ✓<sup>4</sup> wat sal help om die LDL/ slegte cholesterolvlakke te verlaag/ verhoog die HDL/ goeie cholesterol. ✓<sup>5</sup>
- Die tuna bevat geen transvet ✓<sup>6</sup> en is laag in versadigde vet ✓<sup>7</sup> hierdie vette verhoog die bloedcholesterolvlakke. ✓<sup>8</sup>
- Dit is laag/matig in cholesterol. ✓<sup>9</sup>
- Laag in vesel ✓<sup>10</sup> dus sal dit nie help met die verlaging in die cholesterolvlakke nie. ✓<sup>11</sup> (Enige 7)

Gevolgtrekking: Die tuna is geskik ✓<sup>11</sup> vir 'n persoon wat ly aan hoë bloedcholesterol. (1) (8)

*Evaluering, matig (Verken, p.35; Suksesvol, p.84, 119)*

**[40]**

**VRAAG 4: KLEDING****4.1 Definieer retrospektiewe mode.**

Mode wat die style van 'n vorige era naboots.✓<sup>1</sup> Ontwerpers kyk na die verlede/ geskiedenis vir inspirasie✓<sup>2</sup> maar herinterpreteer/ verteenwoordig dit met 'n moderne aanpassing.✓<sup>3</sup> (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.51; Suksesvol, p.53)*

**4.2 Noem DRIE vereistes waaraan 'n maatskappy moet voldoen om die FAIRTRADE logo op hul produkte aan te bring.**

- Betaal regverdige lone.✓<sup>1</sup>
- Verskaf goeie werkstoestande.✓<sup>2</sup>
- Regverdige/ ordentlike werksure.✓<sup>3</sup>
- Gebruik nie kinderarbeid/ neem nie kinders in diens as werkers nie.✓<sup>4</sup>
- Voldoen aan arbeids en veiligheidswette.✓<sup>5</sup>
- Ondersteun omgewingsvolhoubaarheid/ ekovriendelikheid.✓<sup>6</sup> (Enige 3) (3)

*Onthou, matig (Verken, p.61; Suksesvol, p.69)*

**4.3 Verduidelik die verwantskap tussen mode en styl.**

- Mode word gebaseer op 'n (spesifieke) styl.✓<sup>1</sup>
- 'n Styl verwys na die silhoeët/ buite eienskappe van 'n kleres/ mode item.✓<sup>2</sup>
- Mode is 'n styl wat deur die meerderheid mense aanvaar word./ Mode is die klerestyl wat die meerderheid mense in 'n land, ouderdomsgroep of area nou dra.✓<sup>3</sup>
- 'n Styl word slegs mode wanneer die meerderheid mense die styl aanvaar✓<sup>4</sup>
- 'n Style bly slegs in die mode so lank as wat die meerderheid mense dit nog aanvaar.✓<sup>5</sup>
- Styl word baie selde aanvaar deur almal, maar mode word aanvaar deur die meerderheid.✓<sup>6</sup> (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, p.48; Suksesvol, p.48-51)*

**4.4 Bespreek hoe sosiale faktore die gebruik van Afrika ontwerpe in Suid-Afrikaanse modes beïnvloed.**

- Mense is geneig om beroemdes na te boots. Beroemdes/ rolmodelle wat Afrika ontwerp dra, sal die gebruik van Afrika ontwerp laat toeneem.✓<sup>1</sup>
- Sosiale media/ sosiale faktore soos huidige sosiale✓<sup>2</sup> en kulturele aangeleenthede✓<sup>3</sup> het vir modeontwerpers inspirasie voorsien om Afrika ontwerpe te gebruik.✓<sup>4</sup>
- Om te reis en sosialisering met mense regdeur Suid Afrika/ ander Afrika lande✓<sup>5</sup> het ook daartoe bygedra tot 'n toename in die gebruik van die Afrika ontwerpe in mode.✓<sup>6</sup> (Enige 3) (3)

*Toepassing, matig (Verken, p. 49; Suksesvol, p. 54)*

**4.5 4.5.1 Verduidelik waarom hierdie uitrusting geskik is vir die werkswêreld sowel as vir 'n skemerkelkie/funksie na werk.**

- Die uitrusting is veelsydig/ kan tydens die dag en aand gedra word. ✓<sup>1</sup>
- Dit het 'n formele voorkoms. ✓<sup>2</sup>
- Dit is elegant/ stylvol/ deftig. ✓<sup>3</sup>
- Dit het 'n professionele voorkoms. ✓<sup>4</sup>
- Die baadjie kan met ander kleure/ rompe/ hemde/ bloese/ rokke gemeng en pas word. ✓<sup>5</sup>
- Rooi en swart kleure is geskik vir beide werk en skemerkelkie funksie. ✓<sup>6</sup>
- Die broek kan met ander kleure/ baadjies/ hemde gemeng en pas word. ✓<sup>7</sup>
- Die uitrusting ontbloot nie te veel nie/ nie te noupassend nie. ✓<sup>8</sup>
- Die swart leer handsak is 'n klassieke style. ✓<sup>9</sup>
- Die swart leer handsak is geskik vir beide die wêreld van werk en skemerkelkie partytjie/ funksie. ✓<sup>10</sup> (Enige 4)

*Toepassing, matig (Verken, p. 53-60; Suksesvol, p. 57-66)*

(4)

**4.5.2 Ontleed die optiese illusies wat deur hierdie uitrusting geskep word.**

- Die middellyf van die draer sal smaller/ skraler vertoon weens die noupassendheid van die baadjie. ✓<sup>1</sup>
- Die snit van die baadjie verbloem 'n breë/ wye middellyf as gevolg van die uitklok baadjie. ✓<sup>2</sup>
- Die bolyf van die draer sal skraler/ slanker/ smaller vertoon omdat die baadjie 'n noupassende styl het. ✓<sup>3</sup>
- Die V-fatsoen van die neklyn sal die illusie van 'n langer nek skep omdat dit die oog aflei na die diagonale lyn van die regter lapel. ✓<sup>4</sup>
- Die soomlyn van die baadjie sal die heupe breër/ wyer laat vertoon as gevolg van die uitklok styl oor die heuplyn. ✓<sup>5</sup>
- Die lengte van die baadjie se moue laat die arms korter vertoon. ✓<sup>6</sup>
- Kontras in die kleur rooi van die baadjie en swart van die broek, laat die vrou korter vertoon. ✓<sup>7</sup>
- Die swart kleur van die broek het 'n verslankende effek. ✓<sup>8</sup> die rooi baadjie laat die bolyf groter vertoon. ✓<sup>9</sup>
- Die broek sal die bene langer laat vertoon weens die vertikale lyn en die noupassende styl van die broek, ✓<sup>10</sup> maar die soomlyn skep 'n horisontale lyn wat die onderste deel van die been korter laat vertoon. ✓<sup>11</sup> (Enige 6)

*Analiserings, moeilik (Graad 11)*

(6)

[20]

**VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR****5.1 Definieer die term *titelakte*.**

Titelakte is 'n dokument wat die besonderhede van eienaarskap/ wat bewys dat jy die wettige eienaar van die eiendom is<sup>✓1</sup> en sluit die besonderhede van die eiendom in.<sup>✓2</sup>

(2)

*Onthou, maklik (Verken, p.117, 128; Suksesvol, p.137, 146)*

**5.2 Gee die doel van die Nasionale Huisbouersregistrasieraad (NHBR).**

- Om huiseienaars te help<sup>✓1</sup> en te beskerm.<sup>✓2</sup>
- Om korrekte/ aanvaarbare konstruksie standarde<sup>✓3</sup> en verantwoordelike kontrakteursgedrag<sup>✓4</sup> te verseker. (Enige 2)

(2)

*Onthou, matig (Verken, p.119; Suksesvol, p.139)*

**5.3 Onderskei tussen voltitel-eienaarskap en deeltitel-eienaarskap.**

- **Voltiteleienaarskap:** Die koper van die eiendom word die wettige eienaar van die hele eiendom,<sup>✓1</sup> met ander woorde die land en alle strukture daarop.<sup>✓2</sup> (2)
- **Deeltitel:** Die koper word die wettige eienaar van 'n deel van 'n behuisingskompleks<sup>✓3</sup> en het aandeel in die onverdeelde perseel waarop dit staan.<sup>✓4</sup> Deeltitelhouers/koper besit 'n aandeel van alle gemeenskaplike eiendom,<sup>✓5</sup> (insluitend hysbakke/ gange/ trappe/ tuindiens/ swembad) en word die wettige eienaar van die eenheid.<sup>✓6</sup> (Enige 2)

(4)

*Onthou, matig (Verken, p.121; Suksesvol, p.139)*

**5.4. 5.4.1 Noem DRIE finansiële verantwoordelikhede wat John as 'n verhuurder sal hê.**

- Hy moet die verband paaiemente betaal.<sup>✓1</sup>
- Hy moet die tariewe en belasting betaal.<sup>✓2</sup>
- Hy moet huiseienaarsversekering betaal.<sup>✓3</sup>
- Hy moet verbandbeskerming/verbandleningsbeskermingsversekering betaal.<sup>✓4</sup>
- Hy is verantwoordelik vir die algemene instandhouding van die eiendom.<sup>✓5</sup> (Enige 3)

(3)

*Onthou, maklik (Verken, p.119; Suksesvol, p.139)*

**5.4.2 Verduidelik aan John die moontlike nadele daarvan om sy eiendom te verhuur.**

- Die huurders mag sy eiendom beskadig/ nie na die eiendom omsien nie.<sup>✓1</sup> aangesien dit nie aan hulle behoort nie.<sup>✓2</sup>
- Die huurders mag die huur laat betaal/ glad nie die huur betaal nie.<sup>✓3</sup> en die verbandlening mag agterstallig raak.<sup>✓4</sup>
- Die huurders mag dalk nie hulle munisipale rekeninge betaal nie.<sup>✓5</sup>
- Die huurders mag vertrek/ sonder enige kennisgewing of sonder om huur te betaal, trek.<sup>✓6</sup>
- Die eiendom mag vir 'n tyd lank sonder huurders wees.<sup>✓7</sup>
- Die huurders mag nie aan die voorwaardes van die huurkontrak voldoen nie/ 'n besigheid bedryf/ onderverhuurders hê.<sup>✓8</sup>
- Die deposito wat vir die huur betaal is, mag nie voldoende wees om die skade te dek nie.<sup>✓9</sup> indien die skade duur is.<sup>✓10</sup>
- Die huurders mag dalk nie die die huis ontruim wanneer die huurkontrak verval het nie.<sup>✓11</sup>

(Enige 6) (6)

*Verstaan, matig (Verken, p.118; Suksesvol, p.137)***5.4.3 Verduidelik waarom dit vir John beter sal wees om 'n vasgestelde rentekoers op die huisverband te neem.****Vastegestelde rentekoers:**

- Indien die repo/ rentekoers styg, sal sy verband terugbetalings onveranderd/ dieselfde bly.<sup>✓1</sup> Die rentekoers sal nie oor die ooreengekome (vasgestelde) tydperk verander nie.<sup>✓2</sup>
- Die maandelikse terugbetaling sal oor die ooreengekome (vasgestelde) tydperk dieselfde bly.<sup>✓3</sup> Hy sal dan in staat wees om makliker binne sy begroting te bly/ sy finansiële situasie sal meer voorspelbaar wees.<sup>✓4</sup>
- Met 'n wisselende rentekoers, het hy die risiko van die styging in die verband terugbetaling indien die rentekoers/ repokoers styg.<sup>✓5</sup> Dit mag ly tot finansiële onsekerheid/onstabieleit.<sup>✓6</sup>

(Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.128; Suksesvol, p.145)***5.5 Noem VIER faktore om in ag te neem by die aankoop van 'n stofsuier om seker te maak dat dit maklik is om te gebruik.**

- Moet jou werklading verminder/ koord moet outomaties oprol/ lank genoeg wees.<sup>✓1</sup>
- Koordlose stofsuier/ robot stofsuier.<sup>✓2</sup>
- Instruksies moet maklik wees om te verstaan en te volg.<sup>✓3</sup>
- Instandhouding/ skoonmaak van die stofsuier moet maklik wees/ oorweeg dit om 'n stofsuier sonder 'n sak te koop.<sup>✓4</sup>
- Moenie te swaar/ groot wees nie.<sup>✓5</sup>
- Moet veilig wees om te gebruik.<sup>✓6</sup>
- Moet deur enige gesinslid behalwe kinders gebruik kan word.<sup>✓7</sup>

(Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, p.133; Suksesvol, p.153)*

## 5.6 Bespreek die voordeel/voordele van die volgende universele ontwerp kenmerke van die mikrogolf oond:

### 5.6.1 Vlekvryestaal afwerking

- Roes nie<sup>✓1</sup> (indien dit na gebruik deeglik droog gemaak word).
- Dit is maklik om skoon te maak/bespaar menslike energie.<sup>✓2</sup>
- Is duursaam/ sterk.<sup>✓3</sup> (Enige 2) (2)

### 5.6.2 Duidelike vertoon van teks

Maklik om daarmee te werk/ gebruik/ lees/ interpreteer.✓ (Enige 1) (1)

### 5.6.3 Outomatiese programmering gebaseer op die gewig van die voedsel

- Sal slegs die vereiste tyd gebruik om die voedsel te kook,<sup>✓1</sup> dus kan voedsel nie oorgaar gemaak word nie.
- Bespaar nie-menslike energie/ elektrisiteit.<sup>✓2</sup>
- Bespaar menslike kognitiewe/ verstandelike energie aangesien die tydsberekening outomaties gedoen sal word.<sup>✓3</sup> (Enige 2) (2)

*Toepassing, matig (Verken, p.141-142; Suksesvol, p.159-160)*

## 5.7 Vergelyk die finansiële aspekte verbonde aan die koop van huishoudelike toestelle wanneer daar gebruik gemaak word van 'n bank kredietkaart en 'n huurkooptransaksie.

KREDIETKAART-TRANSAKSIE	HURKOOP-TRANSAKSIE
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geen deposito word betaal.<sup>✓1</sup></li> <li>• Dit word as kontantverkope, in die winkel waar die toestel gekoop was, beskou.<sup>✓3</sup></li> <li>• Die verbruiker/ kredietkaart-houer betaal die bank oor 'n tydperk, in paaiemente terug.<sup>✓5</sup></li> <li>• Rente word aan die bank betaal.<sup>✓7</sup></li> <li>• Geen versekeringskoste word aan die winkel betaal nie.<sup>✓9</sup></li> </ul> <p>(Enige 2)</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Deposito word betaal<sup>✓2</sup> (in sommige gevalle).</li> <li>• Dit word as 'n krediettransaksie, in die winkel waar die toestel gekoop was, beskou.<sup>✓4</sup></li> <li>• Die verbruiker betaal die winkel oor 'n tydperk in paaiemente terug.<sup>✓6</sup></li> <li>• Rente word aan die winkel betaal.<sup>✓8</sup></li> <li>• Versekeringskoste word aan die winkel betaal totdat die uitstaande balans betaal is.<sup>✓10</sup></li> </ul> <p>(Enige 2)</p>

*Verstaan, matig (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)*

**LET WEL:** Dieselfde punt moet vergelyk word om 4 punte te kry.

*Trek EEN punt af indien nie in 'n tabel nie*

### 5.8 Voorspel die moontlike finansiële gevolge vir huiseienaars wat hul huise verloor het as gevolg van vloede of brande.

- Hulle sal huisloos gelaat word. Hulle moet huur terwyl die huis herbou word.✓<sup>1</sup> Hulle sal dan iemand anders se verband betaal/ bydra tot iemand anders se rykdom.✓<sup>2</sup>
- Selfs al woon hulle nie in die huis nie✓<sup>3</sup> sal hulle steeds aanspreeklik gehou word om die bestaande lenings terug te betaal.✓<sup>4</sup>
- Die huiseienaars wat genoeg (huiseienaars/ huisinhoud) versekering het sal minder finansiële verliese ly.✓<sup>5</sup>
- Indien die huisinhoudsversekering nie op datum was nie/ indien die inhoud onderverseker was,✓<sup>6</sup> sal huiseienaars nie maklik die huis se inhoud kan vervang nie.✓<sup>7</sup>
- Indien die huis onderverseker was/ nie vir die korrekte waarde verseker was nie, kan hulle nie die volle waarde van die versekering terug kry nie.✓<sup>8</sup>
- Die huiseienaars moet bybetalings maak wanneer 'n versekeringseis uitbetaal word.✓<sup>9</sup>
- Huiseienaars wie se huise afbetaal was maar nie verseker was nie, sal nie die kapitaal/ geld het om hul huise te herbou nie.✓<sup>10</sup>
- In die meeste gevalle moet huiseienaars geld leen/ verband verhoog/ 'n nuwe verband uitneem✓<sup>11</sup> en rente betaal✓<sup>12</sup> om hul huis te herstel/ te herbou.
- Die huiseienaars moet steeds hul verpligtinge teenoor die munisipaliteit nakom ten opsigte van tariewe en belasting/ moet steeds tariewe en belasting betaal.✓<sup>13</sup>

(Enige 7)

(7)

*Analiserings, moeilik (Verken, p.118; Suksesvol, p.137)*

**[40]**



**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP****6.1 Noem TWEE voorbeelde van elektroniese media wat gebruik kan word om 'n produk of 'n diens te adverteer.**

- TV✓<sup>1</sup>
- Radio✓<sup>2</sup>
- Bioskoop✓<sup>3</sup>
- Internet/ epos✓<sup>4</sup>
- Sosiale media/ Facebook/ Twitter/ WhatsApp/ Instagram/ Chat✓<sup>5</sup>
- Selfoon/ SMS✓<sup>6</sup>
- Elektroniese reklameborde✓<sup>7</sup>

(Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.31; Suksesvol, p.30)***6.2 Definieer die volgende terme:****6.2.1 Gehaltebeheer**

Dit is die proses van produkspeksie✓<sup>1</sup> om te verseker dat hulle aan die vereiste standaard wat gestel was voldoen.✓<sup>2</sup>

(2)

*Onthou, maklik (Verken, p.16, 17; Suksesvol, p.22)***6.2.2 Slegste verkope-scenario**

- Indien 'n besigheid minder goedere/ dienste verkoop as hul gelykbreekpunt✓<sup>1</sup> en 'n verlies gemaak het.✓<sup>2</sup>

**OF**

- Dit is 'n voorspelling✓<sup>3</sup> van wat kan gebeur indien die produk/ diens nie goed verkoop nie/ verkoop minder as die gelykbreekpunt.✓<sup>4</sup>

(2)

*Onthou, maklik (Verken, p.39; Suksesvol, p.41)***6.3 6.3.1 Gee DRIE vereistes wat hulle in ag moes neem toe hulle geskikte verpakking vir die tuisgemaakte gemmerbier moes kies.**

- Die verpakking moet geskik wees vir gemmerbier.✓<sup>1</sup>
- Verpakking moet 'n geskikte grootte/ volume wees.✓<sup>2</sup>
- Verpakking moet die gemmerbier higiënies hou/ veilig wees.✓<sup>3</sup>
- Gerieflik wees vir verspreiding/ hantering/ opstapeling en uitstalling.✓<sup>4</sup>
- Verpakking moet sterk genoeg wees om vervoer te word.✓<sup>5</sup>
- Dit moet maklik wees vir kliënte om te hanteer/ oop te maak en toe te maak.✓<sup>6</sup>
- Die verpakking moes omgewingsvriendelik wees.✓<sup>7</sup>
- Die verpakking moet lugdig/ goed verseël wees.✓<sup>8</sup>

(Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p. 97-98; Suksesvol, p.117-118)*

**6.3.2 Verduidelik hoe VIER van die vyf P's van die bemarkingsmengsel deur hierdie kleinskaalse onderneming bereik word.**

- **Promosie:** Hulle het op hul WhatsApp/ sosiale netwerke, mondelings in die gemeenskap geadverteer. ✓<sup>1</sup>
- **Plek:** Hulle het die tuisgemaakte gemmerbier in die buitekamers by Buhle se tante se huis/ buitekamer gemaak. ✓<sup>2</sup>
- **Produk:** Hulle het tuisgemaakte gemmerbier geproduseer. ✓<sup>3</sup>
- **Persone:** Hulle verkoop aan vriende/ bure/ munisipale amptenare/ plaaslike gemeenskap/ mense buite hulle gemeenskap. ✓<sup>4</sup>
- **Prys:** Bekostigbare bestanddele dus mag die prys bekostigbaar wees. ✓<sup>5</sup> (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.29-34; Suksesvol, p.29-33)*

**LET WEL:** Geen punte word toegeken vir die noem van die 4 P's nie. Punte word slegs toegeken vir die verduidelikings

**6.3.3 Vanuit die scenario, noem die stelling wat daarop dui dat marknavorsing (lewensvatbaarheidstudie) gedoen is.**

“Voordat Buhle en sy vriende met hul besigheid begin het, het hulle hul bure, vriende en plaaslike munisipale amptenare besoek, om uit te vind hulle belangstel om die tuisgemaakte gemmerbier wat hulle gaan verkoop, te koop”. ✓ (1)

*Verstaan, maklik (Verken, p.8; Suksesvol, p.10)*

**LET WEL:** Leerders kan die antwoord begin vanaf “besoek/ uit te vind.

**6.3.4 Bespreek TWEE faktore wat Buhle en sy vriende in ag moes neem voordat hulle 'n produk vir hul kleinskaalse besigheid moes kies.**

- Die produk het aantrekkingskrag ✓<sup>1</sup> van die bure/ vriende/ plaaslike munisipale amptenare. ✓<sup>2</sup>
- Beskikbaarheid van menslike vaardighede ✓<sup>3</sup> hulle het geleer om gemmerbier te maak. ✓<sup>4</sup>
- Beskikbaarheid van werkplek ✓<sup>5</sup> werk van sy tante se buitekamer. ✓<sup>6</sup>
- Beskikbaarheid van grondstowwe ✓<sup>7</sup> die bestanddele was plaaslik beskikbaar/ bekostigbaar. ✓<sup>8</sup> (Enige 2 x 2) (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.22; Suksesvol, p.16-20)*

### 6.3.5 **Bespreek faktore wat tot die volhoubare winsgewendheid van die tuisgemaakte gemmerbier kleinskaalse onderneming kan bydra.**

- Hulle het marknavorsing gedoen dus het hulle geweet dat hulle 'n groot teikenmark het. ✓<sup>1</sup>
- Grondstowwe is plaaslik beskikbaar dus bespaar hulle op vervoerkoste. ✓<sup>2</sup>
- Produksie sal nie onderbreek word nie omdat grondstowwe plaaslik beskikbaar is. ✓<sup>3</sup>
- Grondstowwe is nie duur nie, dus is dit goedkoop om die gemmerbier te produseer. ✓<sup>4</sup>
- Baie min/ geen/ bykans geen aanvangskoste word vir die besigheid benodig. ✓<sup>5</sup>
- Hulle het genoeg werkspasie/ werk van die huis/ perseel af/ wat veroorsaak dat hulle bespaar op huurkoste/ die koste laag hou. ✓<sup>6</sup>
- Hulle het geleer hoe om gemmerbier te maak, dus het hulle oëie kennis en vaardighede gehad om die produk te maak, die produk is suksesvol. ✓<sup>7</sup>
- Die besigheid het 'n mededingende voordeel omdat hulle ook hul produk aflewer/ meer kliënte aantrek. ✓<sup>8</sup>
- Hulle hoef nie bottels te koop nie/ hulle gebruik herwinde bottels dus sal dit hul koste laag hou. ✓<sup>9</sup>
- Dit is 'n groen-besigheid dus sal dit omgewingsbewuste kliënte. ✓<sup>10</sup>
- Hulle doen die bemerking op WhatsApp en ander sosiale media netwerke. ✓<sup>11</sup>

(Enige 6) (6)

*Toepassing, matig (Verken, p.36 Suksesvol, p.21)*

**6.3.6 Die koste van bestanddele om 30 liter tuisgemaakte gemmerbier te produseer is R120,00. Hulle het 75% by die produksiekoste gevoeg om die oorhoofse/bokoste te dek.**

- (a) Bereken die produksiekoste van 1 liter tuisgemaakte gemmerbier.  
Toon ALLE berekenings.**

$$R120 \times \frac{75}{100} = R90 \quad \text{OF} \quad \frac{120,00}{30} = R4/\text{liter}$$

$$R210 \div 30 = R7$$

$$R4 \times \frac{75}{100} = R3$$

$$R4 + R3 = R7$$

**LET WEL:** Die monetêre waarde (R) moet op die finale bedrag aangedui word sodat die finale punt toegeken kan word. (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.38; Suksesvol, p.38)*

- (b) Bereken die wins op 60 liter tuisgemaakte gemmerbier as die winsopslag 30% is.  
Toon alle berekenings.**

$$R210 \times \frac{30}{100} = R63 \quad \text{OF} \quad R7 \times 60 = R420$$

$$R63 \times 2 = R126$$

$$R420 \times \frac{30}{100} = R126$$

**LET WEL:** Die monetêre waarde (R) moet op die finale bedrag aangedui word sodat die finale punt toegeken kan word. Indien 'n leerder 'n fout gemaak het in (a) hou aan merk met die fout. (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.38; Suksesvol, p.38)*

### 6.3.7 Die gebruik van die herwinbare plastiek bottels as verpakking (houers) vir die tuisgemaakte gemmerbier het 'n positiewe impak op die natuurlike omgewing.

#### Evalueer die geldigheid van hierdie stelling.

- Daar sal minder rommel<sup>✓1</sup> in die gemeenskap wees en die omgewing sal nie onooglik/ slordig<sup>✓2</sup> wees nie omdat daar minder plastiek bottels sal rondlê.<sup>✓3</sup>
- Minder plastiek eindig op in die plaaslike afvalterrein<sup>✓4</sup> dus sal minder plastiek die grond/ riviere/ strome/ damme/ oseane besoedel/ minder skade aan die seelewe verrig word.<sup>✓5</sup>
- Dit is maklik om te herwin/ maklik om skoon te maak<sup>✓6</sup> sal minder water gebruik om meer/ nuwe bottels te produseer.<sup>✓7</sup>
- Daar is baie gebruikte plastiek bottels wat rondlê/ beskikbaar is<sup>✓8</sup> die gebruik van hierdie bottels sal die behoefte vir die produksie van nuwe bottels verminder.<sup>✓9</sup>
- Indien minder nuwe bottels geproduseer word, sal minder natuurlike hulpbronne gebruik word.<sup>✓10</sup>
- Indien plastieke bottels verbrand word, om afval te verminder, word toksiese afval in die atmosfeer vrygestel.<sup>✓11</sup>
- Dus, indien minder plastiek bottels verbrand word sal dit lugbesoedeling/ groenhuseffek/ koolstofvoetspoor verminder.<sup>✓12</sup>

Gevolgtrekking: Gebaseer op die feite hierbo is dit duidelik dat die gebruik van die herwinbare plastiek bottels as verpakking 'n positiewe impak op die natuurlike omgewing het. .<sup>✓13</sup> (Enige 8) (8)

*Evaluering, moeilik (Verken, p.26-28 Suksesvol, p.26)*

**LET WEL:** Die behoefte om geen nuwe bottels te produseer kan slegs eenkeer 'n punt toegeken word.

[40]

**TOTAAL: 200**